

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 97:1, 4 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel, / met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.

Skriflesing: Deuteronomium 6:1-5; 1 Samuel 15:1-35; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1

Kernvers: Deuteronomium 6:4; 1 Samuel 15:29, 11a, 35b

Luister, Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here.

(Deuteronomium 6:4 AFR1983)

En ook lieg die Roem van Israel nie, en Hy ken geen berou nie; want Hy is geen mens, dat Hy berou sou hê nie.

Ek het berou gekry dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My afvallig geword en my woorde nie uitgevoer nie.

en die Here het berou gehad dat Hy Saul koning gemaak het oor Israel.

(1 Samuel 15:29, 11a, 35b AFR1953)

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 1: Die enige God

Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

2 Kor 3:17; Joh 4:24; Jes 40:14.

Tema: Ons God is onveranderlik: betroubaar en waaragtig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons oor God nadink, staan ons eintlik verstom. God

is so groot en almagtig en ons is maar net mense. En wanneer ons oor God wil praat, staan ons verbysterd. Waar sal 'n mens tog begin? Sal 'n mens begin redeneer oor die bestaan van God en wie God is? Ons gelowiges het 'n heilige huiwering om oor God te praat, want ons weet ons woorde sal nooit reg aan God laat geskied nie. Ons woorde sal altyd tekort skiet om te vertel wie God werklik is. As volledigheid 'n vereiste was om die waarheid aangaande God te vertel, sou swyg die beste wees. Hoe sou die mens immers met sy beperkte verstand die Wese van God kan beskryf terwyl ons nie eers met sekerheid kan vasstel hoedanig die son is wat ons elke dag kan sien nie? Nog meer, hoe sou ons met eie insig die Wese van God deurdringend kan ondersoek terwyl ons nog nie eers na al ons navorsing die werking van die menslike gees kan begryp nie?

Wie egter op sy eie oor God wil praat, sal ongetwyfeld in allerhande teorieë en in 'n woordstryd verval. Daarom moet God self ons eerder lei, sodat ons oor Hom kan praat en vir ander van Hom vertel. Ons sal slegs oor God kan praat, as die Heilige Gees ons met die Woord van God lei. En wanneer die Here Homself met sy Woord aan ons bekend maak, hoor ons nie koue wetenskaplike teorieë en bewyse oor wie God is en of Hy bestaan nie. Ons hoor eerder hoe God is in sy werke en woorde teenoor sy skepping.

God is mos nie 'n voorwerp wat ons met 'n dissekteermes in 'n laboratorium kan ontleed nie. Hy is God, ons Skepper en Vader, en ons praat met respek en eerbied van wat Hyself van Homself aan ons sê. Dit is immers wat *bely* beteken: ons sê net wat die Here self in sy Woord van Homself vir ons sê. Meer as wat die Here sê, kan ons en mag ons nie sê. En stilbly, kan ons en mag ons ook nie. Wie in God glo en as gevolg van die Heilige Gees se werk al geleer het om God lief te hê, sal nooit kan stilbly nie. Daarom sê ons: ***Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige gees-telike Wese is wat ons God noem.***

Van die vroegste tye af van Israel se bestaan het die Here dit by sy volk ingeskerp:

Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here
(Deuteronomium 6:4 AFR1983).

Die Israeliete het tussen volke en nasies gewoon waar elke volk en nasie sy eie gode gehad het. Vir elke ding in die lewe van die mens het die heidene 'n god gehad. Byvoorbeeld, hulle het 'n god gehad wat oor die liefde tussen mense geheers het, 'n god wat oor die landerye en oeste geheers het, en nog vele meer. Daarom stel die Here dit baie duidelik: Daar mag wel baie verskillende gode deur die mense op die aarde vereer word, maar die Here is die enigste God.

By herhaling het die Here hierdie feit dat Hy die enigste God is by Israel ingeskerp, want dwarsdeur hulle geskiedenis sien ons hoe hulle in afgodery verval het. Dit is veral by die profete Jesaja en Jeremia waar ons hoor dat die Here kort-kort sê dat Hy die enigste God is. Die Here sê by monde van Jesaja:

Ek is die eerste en Ek is die laaste en buiten My is daar geen God nie
(Jesaja 44:6 AFR1983).

Daar is niks en niemand wat met God vergelyk kan word nie, want net Hy alleen is God en niemand meer nie.

Vandag het ons 'n soortgelyke belewenis as Israel van destyds. Ons word aangesê om nou maar eenmaal te aanvaar dat daar baie verskillende godsdienste met hulle eie gode in ons land is. En die owerheid wil hê dat ons kinders van hierdie gode in die skole leer of kennis neem. Kinders, julle kan maar hoogstens kennis neem van hierdie verskillende godsdienste met hulle baie gode. Maar weet beslis dat daar nie ander gode is nie, dit is net mense se eie uitvindings. Daar is net een waarheid en dit is die waarheid wat die Here self vir ons gee: Die Here ons God is die enigste God. Daarom bely

ons dat God **die enigste geestelike Wese is wat ons God kan noem.**

God is **ook 'n enkelvoudige geestelike Wese.** Die woorde in Deuteronomium 6:4 kan ook soos volg vertaal word: *Luister, Israel, die Here is ons God, die Here is een.* God is een, daar is nie verdeeldheid in Hom nie. Hy is nie nou so en netnou weer anders nie. Hy is nie nou anders as wat Hy vroeër in die tyd van Israel of Paulus was nie en in die toekoms sal Hy nie anders wees as wat Hy tans is nie. Hy bly altyd een en dieselfde God soos wat Hy Hom aan ons openbaar. In al sy woorde en werke bly God een en dieselfde, want Hy is enkelvoudig.

Kom ons stel dit nog eenvoudiger. In die Nuwe Testament hoor ons Johannes sê: **God is liefde** (1 Johannes 4:8 AFR1983). Dieselfde Johannes skryf in dieselfde brief: **God is lig** (1 Johannes 1:5 AFR1983). Uit hierdie woorde van Johannes kan ons geensins aflei dat God in een stadium liefde is en weer in 'n ander stadium lig is nie. God is nie nou regverdig en op 'n ander keer weer barmhartig nie. Vir die mens wat so 'n verdeeldheid in God sien, gaan daar spanning kom, want vir hom ontstaan daar 'n spanning tussen die eienskappe van God. Dit is hierdie mens wat nie kan en wil aanvaar dat daar uit die God van liefde se hand ook oordeel en straf kan kom nie. Die mens wat God se barmhartigheid teenoor God se regverdigheid stel, verval in 'n stryd met God omdat hy nie kan aanvaar dat God tegelyk regverdig en barmhartig kan wees nie. Dit is hierdie soort mens wat dit waag om God tot verantwoording te wil roep met 'n vraag soos die volgende: Here, hoekom lyk die wêreld so? Dit is 'n vraag wat gevra word omdat die mens nog nie daaraan gedink het dat daar in God 'n volmaakte balans tussen regverdigheid en barmhartigheid is nie en omdat die mens nie kans sien om sy eie swakheid en sonde te erken nie.

Geliefdes, om uit hierdie soort spanning te bly, is die enigste oplossing om God te ken soos Hy sê Hy is. As Hy sê dat Hy liefde is, bedoel Hy dat Hy geheel en al liefde is. As Hy sê dat Hy regverdig is, bedoel Hy dat Hy geheel en al regverdig is. En Hy is liefde, regverdig, barmhartig en lig tegelykertyd, want Hy is enkelvoudig. Daar is geen verdeeldheid in God nie. En as God liefde gee, gee Hy Homself. Hy het Homself in sy Seun aan ons gegee omdat Hy die wêreld wat Hy geskep het, liefhet.

In Artikel 1 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons verder hoe God is, naamlik **ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, reg-verdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.** Met die eerste aanhoor van hierdie woorde klink dit ook maar vreemd en miskien soos 'n koue teorie oor God, woorde wat net die professore en hooggeleerde mense kan verstaan. Maar, geliefde broers, susters en kinders, dit is allermins wat hierdie woorde vir ons behoort te wees, want dit is ek en jy wat hierdie woorde aangaande God bely. Vanaand gaan ons terug na die Skrif om te verstaan wat bely ons regtig as ons sê dat God onveranderlik is.

Wie egter met eie insig daarvoor nadink dat God onveranderlik is, sal in dieselfde strik trap as die Griekse filosowe. Een van hulle het graag ondersoek gedoen na die oorsaak van die dinge wat in die natuur en onder mense gebeur. Op die ou end het hy tot die slotsom gekom dat daar 'n eerste Oorsaak moet wees. Hierdie eerste Oorsaak het alles wat bestaan en gebeur veroorsaak. Hierdie eerste Oorsaak is ook die onbeweeglike Beweger genoem, want hy is deur niks anders veroorsaak nie en kan nie beweeg word nie.

'n Teoloog in die Middeleeue het hierdie redenasie op God toegepas. Maar wie so van God praat, maak asof God 'n koue, onbetrokke God is wat nie ag slaan op die gebeure op die aarde nie. As dit werklik so is dat God nie ag slaan op ons en sy skepping nie, kan ons Hom tog nie aanroep as ons Vader nie. Die Naam *Vader* wil tog sê dat God betrokke is by sy mense en dat Hy besorg is oor hulle wel en wee soos 'n pa besorg is oor sy kinders.

Die bekendste Skrifgedeelte waar ons hoor dat God onveranderlik is, hoor ons in 1 Samuel 15:29:

En ook lieg die Roem van Israel nie, en Hy ken geen berou nie; want Hy is geen mens dat Hy berou sou hê nie (1 Samuel 15:29 AFR 1953).

In teenstelling met 'n mens wat maklik in sy houding teenoor ander mense kan verander en spyt kan kry omdat sy besluite verkeerd was, verander die Here nie teenoor die mens en die skepping nie. God bly altyd dieselfde – Hy bly altyd wat Hy is, want Hy is wat Hy is. Wat Hy sê, doen Hy. Hy maak klaar waarmee Hy begin het. Hy is nie nou sus en netnou so nie, want ons God is nie wispelturig soos wat 'n mens kan wees nie.

Dit is by hierdie woorde in 1 Samuel 15 waar ons aansluit wanneer ons sê dat God onveranderlik is. Omdat God onveranderlik is, is dit vir ons 'n troos en 'n sekerheid. As Hy eenmaal gesê het dat ons sy kinders is omdat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het, is ons vir altyd sy kinders. Hy gaan nie hierdie besluit van Hom omkeer of herroep nie. Die Here gaan nie terug op sy woord nie. Daarom kan ons ook op die beloftes van God vertrou, want as Hy gesê het dat Hy iets gaan doen, kan ons maar seker weet dat Hy dit sal doen, want Hy is onveranderlik.

Geliefdes, indien God veranderlik was, sou ons nie in staat wees om Hom te vertrou nie. Indien God veranderlik was en ons sy guns moes wen deur allerhande dinge te doen, sou ons maar bejammerenswaardig wees. Ons sou soos die heidene moes skarrel om God gunstig teenoor ons te stem en nooit vir seker weet of ons nou sy guns gewen het of nie. Indien God wispelturig was, sou kommer ons lewens oorheers. Maar nou is God onveranderlik. Hy het ons eerste liefgehad. Ons het nie nodig om sy liefde te wen nie. Omdat ons God kan vertrou, kan ons al ons kommer aan Hom bekend maak en by Hom los sodat ons in vrede kan voortgaan om Hom ongehinderd te dien.

Tog moet ons ook daarop let dat God onveranderlik is wanneer dit kom by die oordeel wat Hy oor die hardnekkige sondaar uitspreek. Saul het tevore al die Here se Woord oortree deur 'n offer te bring wat hy as koning nie mag gedoen het nie. Ondanks hierdie oortreding, was die Here steeds genadig teenoor Saul en Hy het hom weer 'n kans gegee. Die Here het aan Saul opdrag gegee om die Amalekiete met die banvloek te gaan tref. Hy moes alles en almal wat lewe gaan doodmaak, maar Saul doen dit nie. Selfs nadat die Here nog 'n kans aan hom gegee het om gehoorsaam aan die Here te leef, volhard Saul in sy ongehoorsaamheid en eiewilligheid. Omdat hy die Here se woord nou aanhoudend verwerp het, verwerp die Here hom. En die Here is onveranderlik, Hy sal nie soos 'n mens spyt kry oor hierdie besluit nie.

Geliefdes, hierdie woorde klink vir ons hard en vir die mens van die een en twintigste eeu klink dit wreed. Maar ook hier vind ons sekerheid en troos. Die Here is nie wispelturig oor die sonde nie. As Hy gesê het 'n ding is verkeerd, kan ons maar seker weet dit is verkeerd, want God is onveranderlik en bestendig in sy woorde en werke. Hy sien nie nou 'n sonde oor, maar more straf Hy oor daardie selfde sonde nie. Omdat die Here onveranderlik is, weet ons waar ons met die Here oor sonde staan.

Maar nou lees ons ook in 1 Samuel 15 op twee plekke dat die Here sê dat Hy berou gekry het dat Hy vir Saul koning gemaak het (1 Samuel 15:11, 35). Weerspreek die Here Homself dan nou of wat moet ons hier verstaan? Geliefdes, die mens wat redeneer dat onveranderlik beteken dat God die onbeweeglike Beweging is, soos die Griekse filosoof en Middeleeuse teoloog gesê het, sal inderdaad sê dat die Here Homself weerspreek. Aan die ander kant, die mens wat nie kan aanvaar dat God bestendig is in al sy werke en woorde nie, maar veranderlik, sal oor hierdie twee verse in ons hoofstuk sê dat God maar net soos 'n mens berou kan kry oor 'n besluit wat nie afgeloop het soos Hy dit graag wou hê nie.

Teenoor hierdie tweede mens kan ons met vrymoedigheid terugwys na die woorde van die Here in vers 29. Die Here is nie soos 'n mens dat Hy spyt kry oor sy besluite nie, want sy besluite is nooit verkeerd nie. Dit is net ons mense wat besluite kan neem en eers later agterkom dat

dit 'n verkeerde besluit was en dan spyt wees oor daardie besluit.

Teenoor die eerste mens wat redeneer dat God onveranderlik is en daarom ook onbeweeglik, wys ons hom op vers 11 en 35 van ons hoofstuk. Die Here is nie ongevoelig oor wat op die aarde met sy mense gebeur nie. In menslike taal sê die Here vir ons wat in sy hart gebeur wanneer sy mense moedswillig en hardkoppig besluit om nie aan Hom gehoorsaam te bly nie. Dit maak Hom bitterlik bedroef dat die mens so hardkoppig kan wees, want Hy wat God is, is onveranderlik regverdig. Hy kan en sal nooit die sonde oorsien nie. Omdat Hy heilig en regverdig is, sal en moet Hy die sonde regverdig straf. Die Here is bedroef omdat Hy Saul koning gemaak het, want Saul het al die woorde van die Here oor hoe 'n koning moet optree hardnekkig en aanhoudend verwerp, selfs nadat die Here weer 'n kans aan hom gegee het om gehoorsaam te wees.

Broers, susters en kinders, as ons sê dat die Here onveranderlik is, sê ons nie dat Hy ongevoelig is nie. Selfs nie eers oor Saul wat hardnekkig in sy sonde volhard, is die Here ongevoelig nie. Intendeel, Saul se hardkoppigheid het die Here bitter bedroef gemaak, want die Here het 'n lewende, persoonlike en intieme verhouding met sy mense en die skepping. Ook in sy verhouding en betrokkenheid met sy mense is die Here onveranderlik en bestendig. As Hy sy verbond met sy mense oprig, sê Hy dit is 'n ewige verbond. En in sy verbond verbind Hy Homself aan sondaars wanneer Hy sê: Ek is julle God. Omdat Hy aan hierdie woorde van Hom getrou bly, onveranderlik bly, word Hy bedroef oor ons sondes.

Geliefdes, die verhouding wat die Here met sy mense het, is vir Hom so belangrik dat Hy Homself beweeg en sy Seun Homself verneder en mens word om die droefheid en verskeurdheid van die sonde op Homself te neem. Die Here raak in sy Seun, Jesus Christus, sigbaar betrokke in hierdie gebroke wêreld vol stukkende mense sodat Hy hierdie wêreld en sy mense kan heelmaak. Die Here doen dit, want Hy is onveranderlik in sy besluit om mense van die Satan se heerskappy en van hulle sonde te verlos.

Mag die Heilige Gees hierdie geloof aan jou en my hart verseël sodat ons te midde van al die afgode en sogenaamde gode hardop kan bly bely dat die Here ons God die enigste Here is. Mag die Heilige Gees jou en my aanhoudend vertroos met die wete dat ons God onveranderlik is.

Amen!

Slotgebed

Psalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 Mei 2012